

Gereformeerde Kerk Bellville – 3 Desember 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 11-3:1, 2, 3 (Sb 16)

- 1 Salig die wat arm van gees is / en van God hul wysheid leer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel, sê die Heer.
- 2 Salig die wat kwyn in droefheid, / in hul weedom troosteloos,
want hul droefheid word tot vreugde / as die Heer hul hart vertroos.
- 3 Salig die wat stil-sagmoedig / hier geen hoogheid wil verwerf,
want 'n aarde sonder moeite, / nuut-herbore, sal hul erf.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 11 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaans ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (Sb 18)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Skriflesing: Matteus 5:1-12; Romeine 12:9-21

Kernverse: Matteus 5:5

Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
(Matteus 5:5 AFR53)

Tema: Oorwin die kwaad deur die goeie

Geliefde gemeente van Christus, toe Jesus begin preek het, het Hy gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. Die koninkryk van die hemele is dieselfde

as die koninkryk van God. Die koninkryk van God is nie aan 'n bepaalde land of gebied verbind soos ons die woord *koninkryk* gewoonlik verstaan nie. Hierdie koninkryk word herken waar die wil van God gehoorsaam word. Dit wil sê, daar waar mense hulle gewillig onderwerp aan God en onderdane is van Christus Jesus hulle Here daar is die koninkryk van God.

Maar hoe lyk die mense van die koninkryk van God? Is hulle super-Christene? Jesus maak in die Bergpredikasie bekend wie die mense van die koninkryk is. Uit die saligsprekings het ons al verneem dat hulle arm van gees is. Aangesien hulle weet hoe geestelik armoedig hulle is, treur hulle. Hulle treur omdat hulle en ander mense Christus se Koningskap dikwels nie erken nie. Ondanks hulle moedswillige optrede tree die Here met soveel geduld teenoor hulle op. Hulle staan verstom dat God hulle met soveel sorg behandel, terwyl hulle weet dat hulle die sorg van die Here glad nie werd is nie. Daarom is die mense van God se koninkryk ook nederig – hulle is sagmoedig.

Jesus het nou al by verskeie sinagoges in Galilea die evangelie van die koninkryk verkondig en baie siekes genees. Van oraloer het die mense na Galilea gestroom. Op 'n dag was daar 'n massa mense rondom Hom. Daarom klim hy 'n entjie teen 'n berg op waar Hy gaan sit. Die dissipels en ander mense het rondom Hom gaan sit om Hom goed te sien en te hoor. Dan begin Hy met sy eerste groot preek wat ons op skrif het – die Bergpredikasie.

Wanneer Jesus begin leer, noem Hy sekere mense salig. *Salig is die wat arm van gees is, salig is die wat treur, salig is die sagmoediges ...* Vir die mense wat daar sit en luister klink dit heeltyd of Jesus van ander mense praat. Maar dan aan die einde van die saligsprekings sê Hy: *Salig is julle ...* Met hierdie woorde bring Jesus die mense voor Hom tot die besef dat Hy met hulle persoonlike praat.

Broers, susters en kinders, wanneer ons die saligspreking hoor, word daar nie van ander mense gepraat nie. Die Heilige Gees laat ons Jesus se stem hoor wat direk tot ons kom. Vanoggend sê Hy: **Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.** Om salig te wees, is om die hoogste mate van geluk en blydschap te ervaar. Dit is nie die geluk en blydschap wat by 'n vakansiejoligheid of op die sportveld heers nie. Dit is die geluk waarmee God mense seën wat na Hom luister. Daarom is dit die hoogste mate van geluk en blydschap. Dit styg bo al die vreugde van hierdie wêreld uit.

Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. By die aanhoor van hierdie woorde kom daar somer so vanself 'n frons by 'n mens. Hoe is dit moontlik dat die sagmoediges die aarde sal besit? 'n Mens frons oor hierdie woorde, want ons verstaan van wat 'n sagmoedige mens is, is nie baie rooskleurig nie. 'n Sagmoedige mens is mos iemand wat altyd maar Gods water oor Gods akker laat gaan. Dit is iemand wat maar gedwee die gestoot en gestamp van die wêreld verdra – 'n regte sagmoedige Neelsie. Hoe

is dit moontlik dat so iemand die aarde sal besit? Hulle sal dit maar alleenlik kan besit as daar een of ander wonderwerk gebeur.

Dit is nie net ons wat meen daar moet 'n wonderwerk gebeur sodat die sagmoediges die aarde kan besit nie. Dit is veral ook die geharde mens wat politiek, handel en watter saak ook al op 'n wêreldse manier bedryf en daarop uit is om die Christendom en Christelike geloof te bespot wat ook 'n negatiewe siening van die sagmoediges het. Vir hulle hoef daar nie 'n wonderwerk gebeur nie. Hulle sê dit somer spottend: Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe ... ses voet onder die grond.

Hierdie spotopmerking verwoord die wêreldse mens se ergernis teenoor die sogenaamde sagte krag van barmhartigheid, sagmoedigheid, geduld, vergewensgesindheid, vyands-liefde en vriendelikheid. Dit verwoord ook ons ergernis, ons wat dink daar moet 'n wonderwerk gebeur voordat die sagmoediges die aarde sal besit. Want waar bring sagmoedigheid jou ooit in hierdie wêreld. Om sagmoedig in die werkplek, ekonomie en sakewêreld te wees, gaan jy jousef net tekort doen. Om die waarheid te sê, jy sal nêrens kom nie. Nee, in hierdie wêreld moet jy hard en ongenaakbaar wees, want die wêreld van die politiek en handel is hard en ongenaakbaar. In die wêreld word 'n sagmoedige mens somer gou-gou onder die stof geloop en van sy saak kom daar niks nie.

Sommige van ons sal hiermee saamstem, andere sal weer sê dat hulle nie so hard soos die wêreld leef nie. Maar is ons nie maar almal van nature geneig om hierdie woorde van ons Here in Matteus 5 te lees en te sê: Dit is mooi en goed. Maar ons blaai eerder nog een bladsy verder en steek vas by die volgende woorde: 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. As iemand my een klap gee, gee ek hom twee en indien nodig somer sewe terug. In teorie is Matteus 5 goed en reg tussen gelowiges, maar daar buite in die praktyk werk dit nie. In die wêreld waarin ons vandag leef, moet jy vinnig wees. Jy moet jou man kan staan. In die harde wêreld van politiek en handel staan baie Christene maklik aan die kant van die harde kragte wat slae uitdeel en trap en vertrap om hulle stukkie grond te verseker. Tussen wêreld-se mense gaan jy nie ver kom met Jesus se woorde nie. Sagmoedigheid gaan jou nie ver bring nie.

Die mense wat met brute krag te werk gaan in die wêreld vorder met rasse skrede. Kyk maar net waar het sulke mense nie al uitgekome nie; kyk wie besit die rykdomme van die wêreld. Dit is hulle wat nie 'n millimeter vir enige iemand terugstaan nie. En die sagmoediges, rampsalig is hulle, want hulle sit in die hoekie waar die slae val en word vertrap onder die voete van die wat vooruitkom.

Geliefdes, 'n mens kan nou dink: Ja, in die wêreld gaan jy nie ver kom met sagmoedigheid nie, daarom moet 'n mens maar soos die wêreld te werk gaan. Die probleem met so 'n siening is dat 'n mens nie ver genoeg kyk nie. Die mens wat met brute krag alles in die wêreld wil reg swets en foeter besit op die ou end net 'n halwe wêreld en hyself het onmenslik geword. Wat baat dit jou as jy die hele wêreld as wins verkry het, maar jy het jousef in die proses verloor? Dit is wat tog met die mens gebeur wat die woorde van Jesus in teorie aanvaar maar in die praktyk gebruik maak van die harde kragte van die wêreld.

En wanneer ons onself eerlik en ootmoedig ondersoek, moet ons erken dat ons baie maal nader aan die boelies van hierdie wêreld staan as aan Jesus. Om 'n belediging met stilswye of 'n sagte antwoord te beantwoord, lê baie maal daar eenkant. As daar op ons toontjies getrap word, wat doen ons dan? En as daar op ons hart getrap word, kyk maar wat spook dan in ons hart. Ons wil skreeu en baklei, slaan en moor, want hoe durf die

ander mense so met ons maak. Maar word net eers 'n oomblik stil en onthou Jesus se eerste reaksie aan die kruis. Hy het nie geskreeu en gedreig om sy moordenaars met sy leërmagte te verdelg nie. Hy het nie geswets nie, maar gebid. Hy het sy Vader gevra dat Hy hulle die sonde nie moet toereken nie.

Jesus het nie net mooi woordjies gepreek nie. Hy het alles wat Hy die mense geleer het self gehoorsaam uitgevoer. Hy was volkome gehoorsaam aan sy Vader, want alles wat met Hom gebeur het, is deur sy Vader besluit en beskik. Hy het na die wêreld gekom om onregverdig veroordeel te word, maar agter die onregverdige oordeel is die regverdige oordeel van God. Hy het in die uitverkorenes se plek die oordeel van God gedra.

Wat Jesus ook al sy onderdane beveel om te doen, is Hy bereid om self ook te doen. In volmaakte sagmoedigheid het Hy ook teenoor sy vyande opgetree sodat Hy aan die einde kon sê: Dit is volbring. Jesus het nie goedkoop praatjies gemaak nie. Hy maak elke woord waar. Hy praat net die waarheid, want Hy is die Waarheid.

Ja, skreeu die spotters dit uit, en waar het Jesus met sy sagmoedigheid gekom? Aan die kruis en in die graf! Die sagmoediges sal die aarde besit ... ses voet onder die grond. Dit is tog waar al sy martelare en dissipels gaan eindig. Maar broers, susters en kinders, dit alleen is 'n halwe waarheid en 'n gevaarlike leuen. Die wêreldse mens wat so spot met die leer van Jesus vergeet die laaste woord behoort aan God. Hy het sy Seun uit die dood opgewek. Ses voet onder die grond was die antwoord van die wêreldse mens op die volmaakte sagmoedigheid, maar verhoog tot in die hoogste hemele aan die regterhand van die Vader, was God se antwoord.

En Jesus het nie net die aarde ses voet onder die grond gekry nie. God het alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee. Die hele aarde behoort aan Hom. En dit het Hy uit die hand van die Vader ontvang, want Hy was sagmoedig gehoorsaam aan sy Vader.

Dit is die groot verrassing van God wat Hy aan gelowiges in Christus Jesus openbaar. Christus Jesus het al die mag in die hemel en op die aarde gekry deurdat Hy slaaf was vir almal. Hy word gedien omdat Hy almal se bediende was. Hy word geëer omdat Hy die smaad gedra het. Hy is geseënd omdat Hy Homself laat vervloek het. Hy leef deurdat Hy gesterf het. En so besit Hy alles omdat Hy eers sagmoedig afgestaan het wat regtens aan Hom behoort het. Want Hy het gewag dat sy Vader dit aan Hom sal gee. Hy het nie daarna gegryp toe die duiwel dit vir Hom aangebied het nie.

Nou kom hierdie woorde van ons Here Jesus ook tot ons. Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. Gelowiges word aangespoor om ook sagmoedig te wees omdat die Heilige Gees die beeld van God in hulle herstel. Sagmoedigheid is ook deel van die vrug van die Gees wat in elke ware gelowige teenwoordig behoort te wees. Beslis nog nie volmaak nie, maar daar is groei aan die vrug sodat die sagmoedigheid al duideliker word.

Die gelowige wat leef uit die rykdom van die erfenis wat God vir hom bewaar en wat Jesus vir hom in die hemel voorberei, weet dat die nuwe aarde syne is. So 'n gelowige hoef nou nie met die harde krag van die wêreld na alles te gryp en op mense te trap om iets te besit nie. Kyk maar net hoe krampagtig en senuweeagtig klou die wêreldse mense aan hulle besittings vas, want dit is al wat hulle het. Verloor hulle die besittings dan is die lewe vir hulle ook daarmee heen. Maar die gelowige kan met vreugde lewe, want hy leef sagmoedig met die verwagting dat hy saam met Jesus Christus die aarde sal beërwe.

Miskien dink jy ook nou: As almal maar sagmoedig geleef het, sou dit vir my soveel makliker gewees het om sagmoedig te wees. Maar nou werk dit nie so in hierdie wêreld nie. Almal is nie sagmoedig nie. Die werklikheid van elke dag is so hard dat elke mens op een of ander tyd gedring voel om te veg vir sy plekkie onder die son. Die mense rondom ons trap en stoot, stamp en vertrap vir hulle plekkie in die son. Daarom kan ons ook nie anders nie.

Alle gelowiges wil volmaak in die hemel wees by Jesus, maar hier op aarde is dit net 'n saak van onmoontlikheid. 'n Mens kan nie hier sagmoedig wil wees nie. Maar geliefdes, Jesus praat nie met volmaakte mense nie. Daar sal immers net op die nuwe aarde volmaakte mense wees. Hy praat met gelowiges wat nou lewe in 'n harde wêreld as burgers van die ryk van God wat aan die kom is. Daarom sê Jesus dit ook so duidelik. Om sy dissipel te wees beteken nie 'n lewe sonder enige probleme nie. 'n Dissipel is die mens wat sy kruis dra, wat homself verloën, wat alles los, verlaat en prysgee ter wille van Christus. Met vreugde gehoorsaam hy die Here, want hy weet dat elke belofte van die Here die volle waarheid is.

Daarom, as ons bereid is om die Vader, Seun en Heilige Gees hier in die erediens en daar in ons binnekamer te dien, is dit goed en reg. Maar daar hou ons diens aan God nie op nie. Ook buite hierdie vier mure en buite ons huis en binnekamer moet ons die Here dien. Daar is mos nie 'n bordjie op jou werkswinkeldeur of jou kantoordeur wat sê: Verbode toegang vir Jesus en sy leer van sagmoedigheid.

Onthou, daar waar Christus onwelkom is en sy evangelie totaal afwesig is in ons politiek en handel, daar is ons sondige hart volkome aanwesig. Nou moet ons mooi verstaan dat ons nie besigheid en politiek afskryf en dit vir die wêreldse mense los nie. Die Bybel het ook niks teen hierdie sake as sulks nie. Maar die vraag moet altyd wees: In watter gees bedryf ons politiek en besigheid. Doen ons dit om te gryp na die aarde as 'n besitting, of doen ons dit met 'n gees van sagmoedigheid omdat ons weet die aarde sal ons eiendom wees? Christus roep immers al sy dissipels, ook vir ons, om by Hom te leer, want Hy is sagmoedig en nederig van hart. En Hy leer ons om sagmoedig te wees deur sy Gees wat Hy aan ons gegee het.

In hierdie dae waarin ons leef waarin min mense nog hulle lewe seker is, in hierdie dae waarin dit lyk asof elkeen maar moet gryp wat daar is anders gaan die ander daarmee heen, laat ons dit onthou: Om met die harde kragte van die wêreld te gaan veg vir jou regte en jou plekkie onder die son gaan jou op die ou end net 'n halwe wêreld besorg – 'n wêreld waaraan jy gaan vasklou, want jy weet as dit jou ontnem word, is jou lewe ook daarmee heen.

Of 'n mens kan die Here vertrou en Hom volg. Kom ons bid dat die Heilige Gees ons lei om in sagmoedigheid te lewe – môre en oormôre en al die dae wat voorlê en kyk of die goeie nie tog die bose oorwin nie. Doen aanhoudend in die gees van sagmoedigheid goed aan die een wat jou in besigheid wil ondergrawe en aan die een wat jou in die kantoor wil vertrap, en wees verseker dat die Gees van God jou met sy krag sal dra en mettertyd sal daardie bose oorwin word. So sal die burgers van God se koninkryk mettertyd al die plekke besit waar die duiwel en sy medewerkers nog met hulle vuil voete die aarde vertrap. Ons sal nie net doer ver in die toekoms die nuwe aarde besit nie. Hier in hierdie lewe waar die goeie deur die krag van die Gees die bose oorwin het, besit gelowiges alreeds die aarde.

Amen!

Gebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Skrifberyming 16-1:1, 2 (Sb 15)

- 1 “Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel,” sê die HEER.

- 2 “Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan.”

Slotpsalm 37:2, 4, 5, 6 (p. 182)

- 2 Vertrou op God: die hart en hand / in troue diens aan Hom verpand.
Verlustig jou in Hom altyd / wat mild'lik gee en nooit verwyd.
- 4 Al bruis dit in jou omdat lis / en leuen hier voorspoedig is –
swyg voor die HEER, gerus en stil, / jou wil verenig met sy wil.
- 5 Wag op die HEER in lydsaamheid, / wees traag tot toorn: Hy ken sy tyd.
Kwaaddoeners stort in hul verderf; / wie God verwag, sal alles erf.
- 6 'n Rukkie nog, en kyk dan weer – / die goddelose 's daar nie meer!
Sagmoediges sal alles erf / en vrede sonder eind' verwerf.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 Desember 2017